Werner Schubert
EYES & EARS OF THE KAROO
120 Bird Street • Beaufort West
Tel : 023 414 3519
Cell : 083 462 7308
eyeguy@beaufortwest.net
Carnarvon • Laingsburg • Prince Albert • Victoria West

# Courier

Die Koerant vir die Nuweveld sedert 1869
The Newspaper for the Nuweveld since 1869

@ prickly pear
Summer special

Microneedling
Reduce those fine lines & wrinkles
Face & Neck R750
Face, Neck, Décolleté R850
Free skin supplement

Verspreidingsarea: Beaufort-Wes, Leeu-Gamka, Merweville, Murraysburg, Nelspoort, Prins Albert, Victoria-Wes, Laingsburg en Loxton

Prys - R6.00 - Price (BTW ing./VAT incl.) Geregistreer by die HPK as 'n Nuusblad - Registered at the GPO as a Newspaper ISSN 2075-5872 13 Mei 2022

## Onwettige immigrante, groei van ekonomie in 1ste burger se visier

Die leier van die Patriotic Alliance (PA) wat onlangs tot die burgemeester van die Sentraal-Karoo-distriksmunisipaliteit verkies is, wil die ekonomie laat groei, meer werksgeleenthede skep en teen onwettige immigrante optree.

Gayton McKenzie, leier van die PA en die nuwe burgemeester, is eers as raadslid in Laingsburg beëdig voordat hy gesekondeer is om dié munisipaliteit op distriksvlak te verteenwoordig. Hy is onbestrede tot burgemeester van die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit (SKDM) verkies.

Sy verkiesing is onder meer bygewoon deur Simon (Msyza) Tsatsi, leier van die Dudula-beweging in Alexandra, Gauteng. Die beweging beywer hom vir ekonomiese en werksgeleenthede vir plaaslike inwoners.

McKenzie het reeds laat blyk dat hy nou na Beaufort-Wes gaan verhuis. Hy het in sy eerste toespraak ná sy verkiesing onder meer verwys na onwettige immigrante en dat die distrik “ 'n sone sal wees wat vry van onwettige immigrante is”.

McKenzie is daarna gevra oor hoe daar teen onwettige immigrante opgetree gaan word, en oor kritiek en lof vir die uitsprake. Hy het gesê buitelanders wat die land onwettig binnegekom het, beklee poste en besit sakeondernemings wat vir Suid-Afrikaners gehou moet word.

“Dit is 'n beduidende bydraer tot ons werkloosheidsyfer van 40%-plus. Ons sien ook 'n kommerwekkende neiging waar mense van hul oorspronklike lande ontvoer word deur gevaarlike misdadigers en gedwing word om hier te werk in hul sakeondernemings soos spazawinkels. . Dikwels werk die moderne slawe 15 ure op 'n dag en word hulle nooit toegelaat om terug te keer na waar hulle vandaan kom nie. Hulle word nie beskerm deur ons arbeidswette nie en die optrede is teen-mededingend. Dit is 'n groot rede waarom ons plaaslike inwoners nie kan meeding met winkels wat in die besit van buitelanders is nie.”

Volgens hom sal onwettige buitelanders geïdentifiseer en oorhandig word aan die relevante owerhede om behoorlik daaraan aandag te skenk. “Maatskappye wat buitelandse mense in diens het, moet oor geldige werkpermitte beskik en daardie mense, volgens ons wette, moet oor spesiale vaardighede beskik. As dit nie die geval is nie, sal daardie mense deur die proses moet gaan om gedeporteer te word.” McKenzie het ook gesê baie inwoners het tydens die Covid-19-pandemie hulle lewensbestaan verloor en is finansieël geraak. Die regering en banke het vir baie mense en sakeondernemings finansiële hulp gegee, maar daar was geen kortings op munisipale tariewe nie. Daar is munisipaliteite wat vonnisse teen hul inwoners kry, wat hul kredietwaardigheid beïnvloed en dan vat hulle ook die persoon se huis om die skuld te delg.

“So die munisipaliteite is besig om haweloosheid en werkloosheid te veroorsaak, pleks daarvan om hulle konstitusionele plig na te kom om die ekonomie te ontwikkel.”

McKenzie het ook gesê alle skuld van plaaslike mense wat munisipaliteite in die Sentraal Karoo geld skuld, moet afgeskryf word en dat hul water- en elektrisiteitstoevoer weer onmiddellik aangesluit moet word. Dit is op voorwaarde dat hulle in die toekoms elke maand sal betaal. “Dit is 'n eenmalige toegewing om die inwoners te help en die ekonomie van die groter Sentraal-Karoo te stimuleer.”

McKenzie het ook beloof om die ekonomie te ontwikkel en duisende werksgeleenthede te skep deur hindernisse te verwyder wat 'n stokkie steek voor die ontginning van natuurlike reserwes in die distrik, spesifiek skaliegas en uraan.








**SKDM-burgemeester, Gayton McKenzie, het gaan kennis maak met die eienaars van Gouveia Fisheries en sommer ook sy hulp as vis-en-chips braaier aangebied.**

STEEL & PIPES for AFRICA
YOUR ONE STOP STEEL, TUBING AND HARDWARE SHOP

Your One-Stop Steel Tubing & Hardware Shop
Binnestraat 21 | George Industria | Tel 044 875 9245

VERSKAFFERS VAN:

- ROUND, SQ & RECTANGULAR TUBING
- GALVANISED ROUND TUBE
- RE-INFORCING Y-BAR
- EXPANDED METAL
- STORMWATER GRATINGS
- WALKWAY GRIDS
- INDUSTRIAL HANDRAILING
- HOT ROLLED CHANNEL & LIP CHANNEL
- CONVEYANCE TUBES
- FLAT, ROUND & SQ BAR
- ANGLE IRON
- HOT ROLLED SHEET & PLATE
- GALVANISED SHEETING
- VASTRAP
- SHAFTING & HOLLOW BAR
- PALISADE FENCING
- GATE AUTOMATION
- HARDWARE
- PAINT
- ROOFING PRODUCTS
- POWER TOOLS
- INTERCOMS
- LOCKS & SECURITY SYSTEMS
- ORNAMENTALS
- EN VELE MEER!!

Skakel ons gerus!
GRATIS AFLEWERING MAANDAE EN WOENSDAE

ALLES VARS
SAVERITE
BOKOMO 100 YEARS SINCE 1922
Nuwestraat 120
Beaufort-Wes
SPECIALS!
Tel. 023 414 3481
082 576 1875
Ons voeg baie waarde toe deur u te help om die regte pryse vir u vars voedselprodukte te betaal!

| | | |
|---|---|---|
| Bokomo Weetbix 450g R19.99 | Simba Chips 120g R 13.99 | Suiker 2kg R 33.99 |
| Pasta 400g R9.99 | First Choice Melk 6x1lt R 74.99 | Wortels R7.99 |
| True Essentials Soap 100g R 4.99 | Bokomo Corn-flakes 200g R 9.99 | Snoek & Chips & Kingsley 500ml R 50.00 |
| | Aartappels 7 kg R54.99 | |

- CAPITEC ATM - SASSA-KAART FASILITEITE BESKIKBAAR

# Grant beneficiaries urged to withdraw funds at supermarkets or ATMs

South African Social Security Agency (SASSA) beneficiaries who usually withdraw their grant at a South African Post Office (Sapo) branch, have been advised to consider withdrawing their grant at a supermarket or ATM this month.

This as some post office branches will have insufficient cash.

"It should be noted that the majority of SASSA grants for the month of May have been paid. Tuesday 3 May was reserved for paying Older Persons' Grants, Wednesday 4 May for Disability Grants, and Thursday 5 May for Children's Grants. "The arrangement therefore applies to remaining beneficiaries who receive the R350 Social Relief of Distress Grant (SRD) grant and beneficiaries who use cash pay points," the post office said on Thursday.

For beneficiaries who use the gold SASSA card issued by Postbank, withdrawals at a supermarket are free of any commission.

They can also swipe the card to pay for any purchases, and all swipes are free of commission.

"A beneficiary therefore receives the full value of the grant when using a supermarket, down to the last cent. The gold card can be used at all ATMs in South Africa. Where an ATM is used, the bank owning the ATM will levy a fee," Sapo said.

# R3 miljoen rand bedrieglike transaksies by Oudtshoorn munisipaliteit

Lede van die Oudtshoorn-burgemeesterskomitee, onder leiding van PA-raadslid Suzane Jansen (voorsitter van die tegniese dienste departement), het op Woensdag 4 Mei 'n saak van bedrog teen twee munisipale amptenare en die Oudtshoorn-munisipaliteit by die Oudtshoorn-polisie aanhangig gemaak.

Volgens Jansen is sy verlede week vir die eerste keer deur die ANC se Zoe Tytaya (wat waarneem as die burgemeester of onder-burgemeester nie beskikbaar is nie) ingelig dat daar op 15 Desember verlede jaar bedrieglike oorbetalings van ongeveer R3 miljoen binne haar departement aan Martin & East-konstruksie-maatskappy gemaak is.

Martin & East is deur die munisipaliteit op 'n drie jaar kontrak aangestel tot 30 Junie 2020 vir die herseël en rehabilitasie van paaie.

Die saak is glo reeds in Februarie onder die aandag van die waarnemende munisipale bestuurder, Walter Hendricks gebring.

Volgens Jansen het Gerald de Jager, die waarnemende munisipale bestuurder op daardie stadium, op 26 April in 'n vergadering met die burgemeesterskomitee bevestig dat die Valke reeds 'n ondersoek begin het en dat die interne ouditeur van die munisipaliteit, Phillip Nel, 'n interne verslag het waarin Martin & East uitdruklik stipuleer dat die faktuur van R3 miljoen, wat gestuur is was van die munisipaliteit, nie deur hulle ingedien is nie, en dat hul kontraknommer, asook hul bankrekeningnommer, verkeerd is.

Martin & East bevestig ook in dieselfde e-pos dat dienste wat hulle verrig het R180 787, 87 is, en nie R3 miljoen nie. Hulle het egter geen geld tot op hede van die munisipaliteit ontvang nie.

Die twee amptenare van die Oudtshoorn-munisipaliteit, wie se name op die beweerde bedrieglike oorbetalingsfakture verskyn, se name is bekend aan die media.

Jansen sê dat sy een van die beskuldigdes genader het om te bevestig of hy kennis dra van die saak waarvoor hy beskuldig word, waarop hy geantwoord het dat hy glo op verlof in daardie tydperk was en sy datasleutelkodes vir iemand gegee het, wat volgens Jansen, ook onaanvaarbaar is.

Jansen eis nou dat die amptenare ter sprake tydelik geskors moet word as gevolg van die "oorweldigende" bewyse en die feit dat die Valke reeds die munisipaliteit besoek het om die saak te ondersoek.

"Ek kan nie sulke tipe onreëlmatighede in my departement onder my watch duld nie. Die feit dat ek nou eers daarvan te hore kom is vir my die ergste. Wat kon ons gemeenskap nie met R3 000 000 gemaak het nie?" wou sy weet. 'n Navraag is aan die Oudtshoorn-munisipaliteit en die Valke gestuur.




**Van links is Mlandeli Nuyka van Saamsaam (voorsitter gemeenskapdienste), Nomsa Jaxa van die ANC (hoofsweep van die raad), Suzane Jansen van PA (voorsitter Tegniese Dienste) en Leon Campher van Advieskantoor (korporatiewe dienste). Foto: Wyndham Ewerts**

# IN&OM DIE HUIS:

## Resep van die week: Tannie Elsa se soetsuurdeegbrood

Mens, 'n soetsuurdeegbrood is 'n meneerbrood waarvoor nie almal 'n smaak ontwikkel nie, maar wraggies, as jy hom eers agtergekom het, smaak ander brood na strooi, om dit liggies te stel. Geen ander brood hou ook so goed nie. Trouens, hoe ouer hoe lekkerder, soos goeie rooi wyn. Op Kenhardt in die Noord-Kaap het die NG-kerkraad een tyd niks anders by die Nagmaal gebruik nie en dit so 'n ware feesmaal-geleentheid gemaak!

**Insuur proses:**

1. Neem 'n medium grootte kastrolletjie wat 'n noupassende deksel het en vul dit tot half met water. Verhit op stoof tot net begin borrel.
2. Water moet sterk warm wees (moet vinger kan indruk, ongeveer 45℃) – voeg nou twee teelepels suiker (opgehoop) by en halwe teelepel growwe sout.
3. Sny een medium aartappel in vier stukke en voeg by die water.
4. Voeg nou omtrent vier bekers bruinbroodmeel by die mengsel – gooi dit bo op die water. Dit moet nie meng nie en dit moet so'n 5cm lagie bo-op die water wees en stewig voel. Maak dan een gaatjie dwarsdeur in die middel.
5. Sit die deksel op en versigtig "butcher wrap" die storie – m.a.w. draai koerant om en vou dan swartsak om dit en vou dan 'n kombers om dit en laat oornag rys in warm plek, bv. die groot koelkis met louwarm warmwatersak daarin.

**Volgende oggend omstreeks 05:30:**

1. Maak pot versigtig oop. Roer nou die meel wat nie nat geword het nie versigtig in die mengsel in. As dit te pap is roer nog meel by. As dit reeds soos stywe pap voel gooi dan halwe koppie sterk warm water by en meng.
2. Maak weer toe "butcher wrap" en laat halfuur lank rys.
3. Maak oop en as dit nou oorkook is dit reg. Werk dan vinnig.
4. Meng meel 1,250 kg witbroodmeel en 1,250kg bruinbroodmeel (hoef nie te sif nie). Voeg die gis uit die potjie daarby en skep soveel van dit wat oorgekook het op en daarin.
5. Voeg sterk lou water en halwe teeleepel sout by die mengsel totdat dit alles nat is. Voeg dan een groot eetlepel botter by (saggemaak in mikrogolf, maar nie gesmelt nie) en knie die deeg totdat dit van die kante van die bak wegtrek en al die botter ingeknie is.
6. Plaas dit in gesmeerde blikke of broodpanne. Maak net half vol en maak dan weer toe met swartsak. Laat rys omtrent vir 'n uur totdat deeg verdubbel het (dit is omtrent gelyk met die bokant van blikkies).
7. Bak nou vir een uur by 180 grade en as uitkom bestryk dit met botter en keer uit. Laat dit sweet onder vadoeke met plastiek bo-oor totdat dit afgekoel het.



# Kannaland: DA en Icosa wil leiers vervang; onstabiliteit en dienslewering takel

'n Nuwe speaker, burgemeester, onderburgemeester en waarnemende munisipale bestuurder vir Kannaland sou waarskynlik verlede Vrydag tydens 'n spesiale raads-vergadering op Ladismith verkies word. Dit volg nadat vier van Kannaland se sewe raadslede die Wes-Kaapse Minister van Plaaslike Regering, Anton Bredell, verlede week genader het om hul by te staan om 'n raadsvergadering vir Vrydag te belê.

Volgens die vier raadslede – Aletta Steenkamp (DA) en Icosa se Jeffrey Donson, Werner Meshoa en Hyrin Ruiters – gaan Kannaland tans gebuk onder politieke onstabiliteit, en kan die vergadering dit beëindig. Die begrotingsproses in die raad het ook nog nie begin nie wat tot 'n agterstand in dienslewering kan lei. Munisipale begrotings vir die volgende boekjaar wat op 1 Julie afskop, moet teen einde Mei afgehandel wees.

Die vier raadslede het Dinsdag die speaker van Kannaland, Rodge Albertus (Kannaland Independent Party), skriftelik versoek om die vergadering te belê. Hulle het hulle op die Kannaland Munisipaliteit se ordereëls beroep wat bepaal dat die speaker 'n raadsvergadering moet reël indien 'n meerderheid raadslede hom/haar skriftelik versoek. Albertus het egter slegs die groen lig gegee vir 'n vergadering oor 'n week – Vrydag 13 Mei, waarna hulle hul tot die Wes-Kaapse regering gewend het.

Provinsiale steun vir Kannaland was ook een van die agendapunte.

# AfriForum en DearSA bevraagteken die deursigtigheid van kommentaarproses oor gesondheidsregulasies

Die burgerregteorganisasie AfriForum en die openbaredeelnameplatform DearSA is bekommerd oor die regering se hantering van die openbare-deelnameproses rakende kommentaar op die nuwe voorgestelde wysigings aan die gesondheidswet.


Dit volg berigte dat die Departement van Gesondheid net 15 000 openbare kommentare ontvang het.

AfriForum en DearSA betwis hierdie syfer aangesien hierdie twee organisasies meer as 310 000 kommentaar deur hul amptelike openbaredeelnameplatforms ontvang het en al hierdie kommentaar direk aan die Departement van Gesondheid gestuur het.

"Hierdie voorgestelde regulasies is uiters deurdringend en sal die Departement van Gesondheid toelaat om mense teen hul wil in kwarantynkampe te dwing en hulle ook te dwing om onder meer sekere mediese behandelings te ontvang. Die feit dat dit lyk of die departement nou besig is om die proses van openbare deelname in die wiele te ry, wek groot kommer," sê Jacques Broodryk, AfriForum se veldtogbestuurder.

"Ons verwerk steeds die finale resultate van ongeveer 283 000 kommentaar, maar voorlopige aanduidings toon dat meer as 95% van kommentaar die voorgestelde gesondheidswet-regulasies heeltemal verwerp. Van die res ondersteun 3% dit nie ten volle nie, terwyl slegs ongeveer 2% dit ondersteun. Dit is duidelik dat hierdie voorgestelde wysigings nie openbare steun geniet nie, maar eerder openbare opposisie. Ons is eweneens bekommerd oor die wyse waarop die regering die openbaredeelnameproses benader en bestuur het," sê Gideon Joubert, uitvoerende hoof van DearSA.

AfriForum en DearSA is bereid om hierdie regulasies in die hof te beveg indien nodig.



Stand van Gamkadam:

96.95 % 0p

10 Mei 2022

# DA-kritiek kos party dalk twee rade

Die DA se kritiek op Gayton McKenzie gaan die veelpartykoalisie in Gauteng nie laat ontspoor nie, maar gaan die DA in die Wes-Kaap wel seermaak.

Tertius Simmers, tussentydse DA-leier in die Wes-Kaap, het hom die gramskap van die Patriotic Alliance (PA) op die hals gehaal toe hy Gayton McKenzie, PA-leier, se verkiesing tot burgemeester van die Sentraal-Karoo-distriksmunisipaliteit as "politieke boewery" beskryf het.

Na verneem word was die DA ontevrede met McKenzie se verkiesing nadat 'n ooreenkoms tussen die DA en die PA vir 'n koalisieregering in die Sentraal-Karoo platgeval het.

Die DA wou glo hê die PA moes sy steun aan die DA beloof in die munisipale rade van Prins Albert, Laingsburg en Beaufort-Wes (die drie rade wat onder die Sentraal-Karoo val) en dat die partye dan ook 'n koalisieregering in die Sentraal-Karoo-distrik sou aangaan.

Toe McKenzie egter op die burgemeesterskettting aandring, het die DA kleinkoppie getrek omdat dié party meen hy het meer steun in die distrik as die PA. Hierna het McKenzie steun by die ANC gewerf om op 12 April as die Sentraal-Karoo se burgemeester verkies te word.

Simmers het by navraag ontken dís hoekom hy McKenzie se verkiesing gekritiseer het. Hy het McKenzie se verkiesing wel op 23 April in 'n onderhoud met News24 as "politieke boewery" beskryf.

Dit het McKenzie woedend gemaak. "Ons word net as boewe beskou wanneer ons saam met die ANC in party munisipaliteite werk, waar ons saam met die DA werk in Knysna, Matzikama, die Stad Johannesburg en Ekurhuleni word ons nie as boewe beskou nie," het hy getwiet. "Ons sal julle wys. Hou hierdie spasie dop."



**Die gemeente van Beaufort-Wes het laat weet dat Mnr. Jan Stadler verlede week as bedienaar van die Woord bevestig is. Jan is 'n sakeman op die dorp wat tans besig is met sy BTh-graad by Hugenote Kollege as deel van die kerk se nuwe bane vir teologiese opleiding. Op die meegaande foto verskyn Jan Stadler (regs) en ds. Japie van Straaten.**



**Mense soos hierdie maak 'n verskil. Murraysburg se munisipale trekker is buite werking. Dit het veroorsaak dat rommelverwydering en andere dienste nie kon plaasvind nie. Te danke aan weldoeners soos Martin Venter word die trekker nou herstel. Gemeenskappe moet saamstaan en aktief begin deelneem aan hulle dorpe se sake en sodoende deel raak van die oplossing. So kan ons saam met plaaslike owerhede beter gemeenskappe bou. Dankie Martin, Murraysburg waardeer jou bydrae! Hopelik kan ons sommer gou weer die dienste aan die gang kry.**







**Op 21 April 2022 het Beaufort-Wes VLV Nuweveld-tak uitgereik met Paasfees geskenksakkies aan alle inwoners van Huis Hesperos.**



**Sprinkane in die straat buitekant Prins Albert se polisiestasie. Mens wonder of hulle dalk 'n klag wil lê oor al die gifspuitery?**










Die Courier se
**span**

Thompsonstr. 5
Posbus 64
Tel: 023 414-2615
E-pos:
diecourier@telkomsa.net

**Redakteur & kliëntediens**
Francois van Niekerk

**Advertensies, grafiese ontwerp & uitleg**
Anne-Marie van den Heever

**Algemene drukwerk & grafiese ontwerp**
Anne-Marie van den Heever

**Rekeninge**
Jenine Brönn
(023 414-2131)

Kontak Die Courier vir gratis kwotasies

Eien.: Courier Printing (Beaufort West) CC Reg. Nr. CK 96/16039/23

# Redaksioneel

Jaar na jaar word die onreg teenoor huisdiere gepleeg deur eienaars wat geen flenter omgee wat van hulle getroue huisdier gaan word nie, solank as hy net kan wegbreek vir sy Desember vakansie.

Dat die toedrag van sake elke jaar vererger, en elke jaar die las om die Dierebeskerming Vereniging se las al groter te maak terwyl die vereniging boonop nie ruim finansiële vermoëns het nie, laat die vraag ontstaan watter maatreëls behoort ingestel te word om eienaars van huisdiere vas te vat wanneer hulle in gebreke bly om hul verantwoordelikheid teenoor 'n onskuldige, getroue, huisdier na te kom.

Dalk kan die owerheid werkskepping bevorder deur weer agente aan te stel wat oor die mag beskik om boetes te hef, of selfs weer "diere belastings" in te stel wat mense verplig om te betaal, en daarmee hulle verantwoordelikheid nakom.

Benewens die heffing van boetes, behoort tronkstraf te dien in sekere gevalle, maar die agente behoort ook toegerus te word met die mag om verwaarloosde diere in samewerking met die DBV te verolg.

Die onmenslikheid wat openbaar word, wys vinger na 'n siek deel van die gemeenskap – 'n siek deel wat nie toegelaat moet word om weer 'n huisdier te besit nie, en daardie agente kan sulke rekord hou saam met die DBV, want geen huisdier verdien sulke wreedheid nie.

**SENTRAAL KAROO DAGBOEK MEI 2022**

Bloeddiens te Moedergemeente: 19 Mei

*****

Hoërskool Sentraal OOV Fonds-insameling Rolbaldag: 28 Mei

# Dit, dat en nog wat

Die Saterdag-son was besig om die parkeerarea se teerblad vol blase te brand toe die formidabele antie haar Chev Sparky se neus langs my onder 'n blaarlose mall-boompie indruk. Daardie karretjies is mos maar klein, en toe die antie begin uitklim, lyk dit kompleet soos 'n ganskuiken wat besig is om uit 'n kapokkie-eier te broei. Eers stoot sy die deur oop met so 'n kort armpie wat lyk of hy opgepomp is en toe verskyn 'n kort, ronderug regtervoetjie wat lyk soos 'n goed uitgerysde skoubroodjie. Daarna vat sy die Chevy met die linkerhand aan die "A-post" en draai haarself dat die linkervoet ook kan uitkom. Sy voel-voel tot die regterhand die "B-post" raak vat. Die volgende oomblik dog ek sy gooi die kar om soos sy begin wieg om momentum op te bou vir die uitklimslag. Op die derde mikslag kom sy regop en staan die Chevy skielik vier duim hoër op sy wiele. Met haar regterduim en -wysvinger trek die antie amper 'n jaarts rokmateriaal uit haar agterste posbus. Dan klap sy die Chevy se deur met die linkerhand so hard toe dat die mall-mossies in die blaarlose boompie tandepasta-strepe op die windskerm trek toe hul skyt-skyt opvlieg.

Ek kon dadelik sien dat iemand die antie se prop skeef opgedraai het, want sy het loop en blaas soos 'n bottel Krismisgemmerbier wat eers Nuwejaarsdag oopgemaak word.

Haar rooi handsakkie se "strap" het net-net om haar bo-arm en skouer gegaan, met die gevolg dat die handsak onder haar kieliebak uitgeloer het soos 'n kolganskuiken onder sy ma se vlerk.

Die antie het 'n indrukwekkende vol gesig met rooi lippe, pers ingekleurde oë en drilwange wat my aan 'n bak basaartrifle laat dink. In haar hand is 'n sigarettoppie waarvan die kooltjie en filter ewe lank is.

Met die wegstap merk ek dat haar arms net van die elmboë af ondertoe swaai en dat sy, soos 'n heuningby, presies weet watter koers sy moet kies.

Tien minute later, terwyl ek nog die mal mall-kruipers so sit en bekyk, kom die antie soos 'n tow-trok aan na die Sparky. Onder haar linkerarm steek nou 'n Poodle se kop uit. Sy het haar regter-middelvinger by 'n kleine oompie se T-shirt ingehaak en sy sleep hom soos 'n Cruiser 'n kofferkarretjie sleep. Die oompie tel sy voete hoog op en trap hard op die grond soos 'n giraffe wat met paddavoete loop.

By die Sparky gekom, ruk sy die passasierskant se deur oop en druk die oompie sommer kop eerste, net soos jy 'n tienrandnoot in 'n sendingspaarbussie sal indruk, by die deur in. Sy klap die deur so hard agter hom toe dat ek my hooroor mall se kant toe draai om te luister of American Swiss se "glass break detection" nie die alarm aktiveer het nie. Met haar inklimslag sien ek net dat die Sparky sy regterknie eerbiedig buig. Voor hy verdwyn uit die parkeerarea bid ek: "Here, laat die antie tog onthou van die poodle onder haar arm, anders word hy vandag in haar kieliebak gerol soos 'n pekel-meatball."


Die volgende oomblik sê die karwag: "Meneer, ken jy vir tannie Tyson en oom Kom-haal-my wat nou met die Sparky hier weg is?"

"Gelukkig van geen kant af nie. Hoekom vra jy?" vra ek.

"Meneer, hulle sê dis oom Kom-haal-my se job om die poodle parlour toe te bring, maar elke keer as hy die poodle afgegee het, gaan hy gou Tops toe en dan gaan sit hy met 'n bottel Kom-haal-my-maar op die 'Gents' se wit stoel. Hulle sê hy onthou eers van die poodle as hy hoor antie Tyson sê:" Sorry manne. Moenie julle uithanggoed bêre nie ek is hulle in alle "shapes and sizes" gewoond. Ek kom haal net gou die oom."

Die karwag krap sy kop toe ek nie lag nie en voeg by: "Meneer, as sy alle "shapes and sizes" gewoond is, is sy seker 'n nurse, want voorrie Vader dis net innie ICU wat sy myne gaan sien."

***Johan Strydom***



**Een van die maatskappye wat besig is om optiese vesel-kabels in Beaufort-Wes te lê het hierdie paal in die middel van die smal sypaadjie in 'n eenrig-tingstraat langs die SKDM se kantore in die middedorp geplant. Dit lyk nie reg nie. Sien niemand dit raak nie?**




**PUT YOUR WASTE IN THE BIN!**










**Nog van die gevaarlike wapens wat gereeld deur lede van die buurtwagpatrollie by rond-lopers in die dorp afgeneem word.**




**SPERTYD vir elke week se nuus en advertensies: Dinsdae, 12:00**







# briewe

*lesers sê hul sê*

## Vraag: Is KDF verkoop of nie?

Leierskap, opbetaalde lede, ondersteuners, sogenaamde onbetrokkenes, opposisie en vriende.

Dis met teleurstelling, woede en minagting jeens die rommelverspreiders rondom die sogenaamde verkoop van Karoo Democratic Force as politieke party dat ons graag die volgende op rekord wil stel:

- KDF is niemand se eiendom om verkoop te word soos hy/sy wil nie.
- KDF het nog nie die beloofde verandering gebring nie. Tog het ons te ver gekom om nou hier om te draai.
- KDF het nog heeltemal te veel ysters in die vuur om iets so onverantwoordelik te doen.
- Nie een van die Top 5 van die KDF is 'n kits miljoener nie. Daarom wil ons u meedeel dat geeneen van ons enige geld ontvang het van enige persoon of enige politieke party nie.
- KDF se stigter, leier en President (mnr. Noel Constable) het geen begeerte of alleenreg om die party te verkoop nie. (behalwe 'n aanbevelings-reg dat die party ontbind moet word of dat hy die party gaan verlaat.)

Ons vra dan nou dat alle getroue persone wat hierdie skrywe lees hul lojaliteit teenoor ons President, Top 5 en ons party bewys en hierdie ongegronde snert bewering met die nodige minagting ignoreer.

***Deputy President / Voorsitter: Isak Alexander Jacobs, en Algemene Sekretaris: Samuel Jooste***



# sms jou sê

**SMS na 072 148 8452. Neem asb. kennis dat opinies wat deur lesers in hierdie kolom uitgespreek word, hul eie is en nie noodwendig die opinies van Die Courier se redakteur, personeel of eienaars weerspieël nie. SMS'e word in goedertrou geplaas en beledigende of lasterlike SMS'e word nie geplaas nie. SMS'e met 'n naam en van daarby sal voorkeur kry.**

Die gemeenskap van Murraysburg eis 'n ondersoek na die aanstelling van die Thusong-bestuurder sonder Graad 12 wat nie die plek kan bestuur nie. Kom kyk gerus in watter toestand die plek is. Waar is die fondse? *Murraysburg inwoner*

*****

Wat is die Munisipaliteit se beleid omtrent werkers bo 60-jarige ouderdom? *Murraysburger*

*****

Een van die beste grappe is dit wat nou aangaan tussen ou raadslede en die wat tans in die stoele sit! Dis asof hulle heeltyd geboelie was en nou spring almal in die lug, want hulle politieke ouboetie, Gayton, het nou gekom. Dit wys ons net hoe onbevoeg hulle is. Skoolfonds opgevreet soos hulle nou alles opvreet. *Inwoner*

*****

My hart huil vir politicians soos Truman Prince en Sinki Motsuane… albei nie perfekte mense nie, maar geroepe poiticians. Nie gewink of oog geknip nie… *Ontnugter*

*****

Wanneer gaan daar opgetree word tee ouers wat kinders by die huis hou en nie laat skoolgaan nie? Daar word gedrink en geparty met toelae-geld en kinders moet klein boetie en sussie oppas terwyl die ouers drink. Dan moet hulle ook nog in skooltyd help om leë bierbottels met 'n kruiwa na die smokkelhuis te stoot. Dit gebeur daagliks in die Lande. *Beswaard*

*****

"Dorp van die jaar wink vir Beaufort-Wes" in Die Courier van 1 April. Die spreekwoord lui: 'n Goeie begrip het net 'n halwe woord nodig! Hierdie is die beste April-gek grap van die eeu! Welgedaan, Mnr. die Redakteur, jy het baie lesers na hul asem laat snak. *JCB*

# Predikante en pastore stig nuwe liggaam

'n Groep predikante en pastore van verskeie kerke het onlangs 'n nuwe liggaam op die been gebring met die doel om kerke te bemagtig en ook om kerke nader aan mekaar, en die kerk nader aan die gemeenskap te bring.

Pastoor Isak Reed van die AGS-kerk verduidelik dat die Ministers Fraternal verantwoordelik is vir alle kerkaangeleenthede en ook aangeleenthede van openbare belang soos munisipale kwessies, gesondheidskwessies byvoorbeeld Covid-19, ensovoorts.

"Die kerk het nog nooit 'n liggaam gehad waar predikante en pastore opgebou kan word nie, en daarom sal die nuwe liggaam op die welstand van predikante en pastore fokus."

Leraar Johnny Swartz van Jesus Only Ministry voeg by dat predikante en pastore maar baie verwyderd van mekaar af lewe, en dat die nuwe liggaam hulle sal help om mekaar beter te leer ken. Hulle sal ook fokus op vroue en die rol van vroue as leiers in die kerk aanspreek.

Dit alles sal samewerking bevorder en kerke in staat stel om 'n baie groter rol in die gemeenskap te speel. Die liggaam sal verder dien as 'n platform waar omstrede kwessies van kritieke sosiale belang onder andere homoseksualiteit, dwelmverslawing en geestesgesondheid bespreek kan word.

Die algemene persepsie is dat kerke hierdie tipe dinge afkeer of as sonde bestempel, maar volgens biskop Salman Bantom van die Afrika Evangelie Sendingkerk, is dit die dogma van die kerk en nie die evangelie nie.

"Die doel van die evangelie is om verlossing te bring en nie om te oordeel nie."

Die predikante en pastore is van mening dat die kerk tog veronderstel is om 'n plek te wees waar daar omgesien word na mense wat hartseer is of uitdagings in die gesig staar. Aangesien daar soveel omstredenheid rondom sommige van hierdie kwessies is beoog hulle om een keer per maand 'n gasspreker te nooi wat met hulle daaroor kan praat sodat hulle dit beter kan verstaan en mense wat daarmee worstel beter kan ondersteun. Predikante en pastore van 21 plaaslike kerke, wat deel is van die nuwe liggaam, is Jesus Only Ministry, Family Fellowship of Grace, Moving Gospel Mission SA, Africa Gospel Mission, Siloam Revival Gospel Mission, Nuwe Kerk in Christus, Kingdom Vibration Centre, Assembly of God, Micdalor Ministry, Full Gospel Church of God, Cornerstone of Truth, Tabernakel van God, Pinkster Herlewing Sending, Moria Gemeente, Pentecostal Messenger Mission, Apostoliese Geloofsending, Die Heilige Evangelie, Nahimia Pinkster, Life Centre Ministries, AGS River of Life en African Methodist Episcopal Church.


As deel van die platform wil hierdie predikante en pastore graag met Pinkster-bidure begin waar alle kerke welkom sal wees. Hulle glo dat dit beslis samewerking sal bevorder, eenheid sal bou en kerke sal versterk.



**Predikante en pastore van 21 kerke het die nuwe liggaam se tweede vergadering op 2 Mei bygewoon.**




# Grappies






Jannie kom laat by die Sondagskool aan. Die juffrou vra vir Jannie hoekom hy laat is. Hy vertel toe dat hy wou gaan visvang, maar sy pa het gesê dat hy kerk toe moet gaan. Die juffrou was baie beïndruk en vra toe of sy pa vir hom verduidelik het waarom hy liewer kerk toe moet kom as om te gaan visvang.

"Ja, Juffrou," antwoord Jannie. "Hy't gesê hy het nie genoeg aas vir ons altwee nie!"

*****

'n Diëetkundige spreek 'n groot gehoor toe en sê: "Die goed wat ons vandag eet, is so erg dat dit die meeste van ons wat hier sit, kon doodgemaak het. Rooivleis is dodelik, die koeldrank vreet ons maagwande, groente kan baie skadelik wees en ons besef nie die gevaar wat in ons drinkwater skuil nie. Maar daar is een ding wat nog gevaarliker as al die ander kan wees vir ons gesondheid. Kan iemand vir my sê wat dit is?" 'n 75-jarige in die voorste ry staan op en sê: "Troukoek!"

# Lewende Woord

### Die oop deur – *Openbaring 21:25*

Ek dink aan die tyd toe ons op die plaas was en selfs in die dorp met deure en vensters oop geslaap het. 'n Mens kon nooit dink dat iemand ons leed sal aandoen nie.

Vandag is dit anders. Ons sluit ons toe agter hoë mure en tralies, sluit by buurtwagte aan en hou kwaai honde aan. En steeds is dit nie 'n waarborg vir veiligheid nie. Die moord-en inbraaksyfer bly hoog.

Daarom wonder 'n mens meermale: Sal dit ooit vorentoe beter gaan? Sal daar regtig 'n tyd kom wanneer die goeie die kwaad volledig sal oorwin? In sy "Riglyne vir Christelike lewe" in Rom. 12:9 raai die apostel Paulus ons aan: "Oorwin die kwaad deur die goeie" (vers 21).

Maar werk dit nog vandag? Johannes wil ons laat glo dat daar wel 'n tyd kom wanneer ons die hekke en die deure nie sal hoef te sluit nie, want niemand sal die begeerte hê om iemand anders kwaad aan te doen nie. In Openbaring skryf Johannes dat die poorte van die Hemelse stad nooit gesluit sal wees nie. Johannes, die bejaarde ou dienskneg van die Here, was 'n banneling op die eiland, Patmos.

Hy het die Here baie lief. Hy het Hom getrou gedien, en nou, in die aand van die lewe, is hy op Patmos vasgekeer ter wille van sy geloof.

Daar op Patmos, het die lydende dienskneg van die Here 'n wonderlike gesig gehad! Hy sien die deur van die Hemel staan oop! Toe Jesus opgevaar het, het Hy nie die Hemeldeur agter hom gesluit nie.

Deur daardie oop deur sal Hy weer na die aarde kom. By daardie oop deur sal Hy Sy kinders in neem.

Maar die oop deur is nie net vir die toekoms nie. Die deur is nou, op hierdie oomblik, oop. En deur daardie oop deur kan ek daagliks my gebede stuur tot by die troon van God. En deur daardie oop deur stuur Hy nou elke dag strome van liefde en genade.

Kind van God, onthou dan, en leef elke oomblik onder die geopende deur van die Hemel. Kom ons sien uit daarna: 'n Hemel sonder slotte.

***Koos Vivier***

Trek & Stoor
WORCESTER
Skakel ons
023 347 4092
Stoorplek / Storage · Verhuisings / Removals
www.trekstoor.co.za

**Dr Liezl Stockigt**
Algemene Praktisyn
Tel: 023 415 2663


**May 2022**
**Subject to change**

Voortrekkerstraat 33
Beaufort-Wes
6970

Naweek spreekure - Dr N Augustyn werk.
Sat 14 Mei 09H00-10H00.
So 15 Mei 09H00-10H00.
Dr Nicolene sal weens persoonlike verpligtinge nie na die tye beskikbaar wees nie en nie na-ure bystand doen nie. Maak na-ure asb gebruik van Dr Kritzinger se praktyk of die hospitaal.

# Sudoku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 6 | | | 8 |
| | | | | 5 | 9 | 1 | | 7 |
| 1 | | 2 | 4 | | 8 | | 5 | 9 |
| 5 | | 8 | | | | | | |
| | 6 | | | | 5 | | | 3 |
| 9 | | 7 | | | | | | |
| 6 | | 5 | 8 | | 3 | | 2 | 4 |
| | | | | 9 | 7 | 3 | | 6 |
| | | | | | 4 | | | 1 |




# Rod's Reflections



### Two marvellous gifts

"I opened two wonderful presents today, even though it isn't my birthday," a man said. "How come?" came the response, to which the man replied, "My eyes!"

2000 years ago a travelling preacher and teacher said, "If you have eyes to see, then see." He was talking about understanding, but that can equally be true about our physical eyes, the 'mirrors of the soul' as they are called, with which we look out on the world around us.

There's just no end to the marvellous ability of these two precious and irreplaceable gifts we have been given. They see colour, for one thing. No, correction: they see colours, all the colours of the rainbow and a myriad shade of colours up and down the spectrum. Eyes are not monochromatic (seeing just black and white, like old photo's). How is that possible? No doubt ophthalmologists could answer that question easily – if not coherently – but for ordinary people like me it is a constant source of amazement. Two more or less round objects that can see colours. Wow!

One time when I was playing squash, I got too close to my opponent's racquet which smashed into my spectacles, and the glass shattered into my eyes. My GP dug out all the bits, but there were infinitesimal pieces he couldn't find, and which will probably always be there. But I was left with what are called 'floaters': small black blobs in both eyes which move around across my vision all the time and which I have long since gotten used to. I was just so thankful I wasn't blinded.

I do, however, have only one functional eye, the right one. The left one just sees a blur, without detail or focus, so I am dependent on my right eye continuing to let me see my beloved's face, the type in a book, the road in front of the car, the clouds drifting by, the dogs chasing cats, the lightning lighting up the stormy sky, the colour of a rose, the adoration in a dog's happy grin, and so many more.

When I am sometimes tempted to bemoan my inability to hear, because of inherited deafness, a voice says to me, "Hey, you can see, dummy! Stop complaining! You can see, can't you?" It isn't nice not to hear voices clearly, not to hear music fully, not to discern from which direction a sound emanates, not to be able to use the telephone, not to notice when my wife calls me to 'Come and eat!' until she has to keep increasing the volume of her voice until I do hear, or marches down the passage from the kitchen to stand in front of me and clearly enunciate, 'Come. And. Eat'. And who has all five senses in full working order anyway? Is your hearing, your sight, your smell, your taste, your touch, all 20/20 in full and glorious working condition? Raise your hand please. I thought not. I don't see many hands go up.

Eyes to see. Check. Ears to hear. Mmm, not so much. A tongue to taste. Oh yes. Fingers to touch and feel. Check. A nose to smell. Check. So, 4 out of 5. How good is that? An 80% pass rate on the senses scale of humans is just fine and dandy. If you have 4 out of 5 or even 3 out of 5, first give thanks for the wonderful presents you have been given, and then use them to the full, as God and Nature intended they should be used.

If you have eyes, see – really see, look, gaze, focus, appreciate. If you have ears, hear – which means listen, tune in, zoom in on the voice, the sound coming your way, the laughter of a little child, the breaking of a wave, the booming of thunder. If you have a tongue, savour your food, don't just masticate it and swallow it without a thought, take time to savour the flavour. If you have tactile fingers, reach out to embrace, to hug, to fondle, to squeeze, to invent, to create. If you have a nose that works well, draw in the smell of good food, baking bread, hot soup, toast, coffee percolating.

With our five senses there is a world of wonder to explore. Let's not waste these great gifts by taking them for granted and under-using them, and let's teach our children likewise.

***Rod Baumeister***

# Must have book for Karoo lovers

A new must have book on the Karoo is now available. Karoo Roads II, written and photographed by the ever-popular, much-loved, award-winning travel writers, Chris Marais and Julienne du Toit, is a sequel to their extremely popular Karoo Roads, a collector's treasure of trips and tales gathered over more than a decade. "We had the time of our lives compiling Karoo Roads II," they said. "It delivers the insider facts on the Great Karoo, the world's friendliest arid land." Karoo Roads II is a superb collection of travel stories, encounters, slices of life, history and adventures in the dryland. In it readers will discover why the Great Fish River flows nearly all year round; the mysteries of the massive herds of *trekbokke* that once flooded the veld; the story behind the curious beehive-shaped corbelled houses and find out whether UFOs really fly around in the night skies. Most of the stories were gathered during the current eight-year drought, so they tell of people thriving in a time of crisis and pandemic, lifting their communities through dance, culture and creativity. The book takes its readers from the diamond deserts around Alexander Bay through quiver tree forests of the Northern Cape to the flooding Orange River at Kakamas. Readers can enjoy a sunrise stroll around a Karoo graveyard, meet Aberdeen's circus lions and enjoy the furious excitement of a wire car Grand Prix in Philipstown. They will also find out what goes on at a Merino ram auction; the story behind Karoo tequila, plus much more, including legends that lie beneath the surface of the Heartland. One thousand author-signed and numbered copies are available at R340 each. (Copies of Karoo I and II cost R600 incl courier)

# Graaff-Reinet Primêr vier Vryheidsdag

Gr. 3-leerders van Graaff-Reinet Primêr het deelgeneem aan 'n inkleurkompetisie terwyl gr. 4- tot 7-leerders 'n gedig of skildery moes maak.

Junaid Jacobs (gr. 3) het die inkleurkompetisie gewen en Wilton Hendriks was die gr. 7-wenner.

Die skool het die kompetisie van stapel gestuur om leerders bewus te maak van die betekenis van publieke vakansiedae en die land se ryk geskiedenis.



**Steve Makwena en Donovan Koeberg (onderwysers) saam met die wenners, Junaid Jacobs en Wilton Hendriks. Foto: Neco Bokwe**



# Die Courier Hoor

Hoërskool Sentraal OOV Fondsinsameling Rolbaldag.
Datum: 28 Mei 2022
Tyd: 14:00
Plek: Beaufort-Wes Rolbalklub
